# Deel 25 - 14 Oktober 2022 - Profetiese betekenis van die opwekking van die weduwee se seun

Ek sal vir julle die dae verkort – Deur Vader aan Bertha Dudde gegee op 9/12/58

**No: 7225** Die tyd wat julle nog toegestaan is tot die einde gaan steeds vinniger ooreenkomstig My belofte: "**Ek sal die dae verkort terwille van die wat Myne is**", sodat hulle nie gedwonge sal wees om die knie te buig voor hom wie tot aan die einde as vyand en teenstander teenoor My sal staan nie. Want hy sal julle nog baie boosheid aandoen en daarom **sal julle nog baie krag nodig hê** om weerstand te kan bied.

En tog hoef julle hierdie tyd nie te vrees nie, al is sy optrede teen julle hoe dreigend. Hy sal sy doel nie bereik nie, want **Ek behoed Myne** om in sy hande te val. Maar julle sal My dankbaar wees vir elke dag wat verbygaan sonder sy invloed. En julle sal My ook vir ewig dankbaar wees wanneer Ek aan sy aktiwiteite 'n einde maak en hom opnuut vasketting.

Die tyd tot aan die einde sal vir julle soos 'n droom voel, **so snel sal dit verbygaan**. Dikwels wel beangs, maar dan ook weer misterieus, omdat **'n skare van ligvolle geestelike wesens julle sal omring en julle sal behoed** en so sal lei, dat dit steeds vir julle draaglik sal wees. Maar tog word groot versigtigheid gebied, want My teenstander is **vol duiwelse gesindheid** omdat dit na die einde loop. Wat julle nie as moontlik sal beskou nie, sal nog gebeur deur sy invloed. Want hy het baie gewillige mense in die wêreld wat hom ter dienste staan en wat deur sy aandringing teen julle sal optree. Vrees egter nie diegene wat wel julle liggaam, **maar nie julle siel kan dood nie.**

Vrees gladnie die gevaar nie, want Ek is by jou en verseker jou van My beskerming. En wat daar ookal sal gebeur, jy sal dit kan verdra, omdat Ek jou die krag daartoe sal gee. Ek sal alles so bestuur dat jy nie te seer getref word nie en sodat jy in die stryd teen hom kan volhard en as oorwinnaar tevoorskyn kom.

**Maar dit sal 'n stryd bly,** dit voorspel Ek julle steeds weer, sodat julle julleself nie van My sal verwyder nie, sodat julle julleself **steeds meer by My sal aansluit** om in My nabyheid onaantasbaar te bly vir die vyand. En wie homself dus so vas by My aansluit dat hy My voortdurende nabyheid kan voel, hy hoef niks meer te vrees nie, want **hy sal dan steeds superieur wees deur die krag** wat hy voortdurend van My ontvang.

Die tyd loop ten einde.

**En steeds vinniger sal die dae verbyvlieg**, wat julle ook steeds duideliker sal merk. Maar dan sal julle ook weet dat julle tot Myne behoort, **vir wie Ek die dae sal verkort ter wille van julle**. Laat julle daarom steeds dikwels aanspreek deur My en **word nie traag en lou in julle arbeid vir My en My ryk nie**, want julle sal hieruit nog baie krag put. Julle sal ontvang soos wat julle uitdeel en dit is nodig om nog baie geestelike voedsel uit te deel, sodat die krag van My Woord kan toestroom na almal wat hierdie voedsel begeer en My Woord wil aanneem. Daarom moet julle - die arbeiders in My wingerd op aarde - nog vasberade werk. Julle moet steeds weet dat daar nie veel tyd meer oor is nie.

Daarom moet julle hierdie woorde ernstig opneem: **"Ek sal die dae verkort terwille van die uitverkorenes".** Vinniger as wat julle dink sal die einde aangebreek het. En gedurende die tyd wat dit voorafgaan, **moet julle almal julleself bewapen** en julle aan My en My beskerming oorgee. Want die einde sal kom "**soos 'n dief in die nag**". En wie Ek wakend sal aantref sal Ek wegneem uit die gebied van die satan en alle leed sal dan vir hom tot 'n einde gekom het. Amein.

***Markus_13:20*** *En as JaHWeH dié dae nie verkort het nie, sou geen vlees gered word nie;* ***maar ter wille van die uitverkorenes wat Hy uitverkies het****, het Hy dié dae verkort.*

***Johannes 10:9-14 Ek is die Deur****; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word, en hy sal ingaan en uitgaan en* ***weiding*** *vind.*

*Joh 10:10 Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes.* ***Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê****.*

*Joh 10:11* ***Ek is die rasegte Herder****. Die rasegte Herder lê Sy Siel af vir die skape. [JirmeJaH 23:1; JeségiEl 34:5]*

*Joh 10:12 Maar die* ***huurling*** *en hy wat nie 'n herder is nie, van wie die skape nie die eiendom is nie, sien die wolf kom en* ***laat die skape staan en vlug****, en die wolf vang hulle en jaag die skape uitmekaar.*

*Joh 10:13* ***En die huurling vlug, omdat hy 'n huurling is*** *en niks vir die skape omgee nie.*

*Joh 10:14 Ek is die rasegte Herder,* ***en Ek ken My eie en word deur My eie geken.***